7.4.71

G.P.-S.33967—1968-69—1,000. J. 219. 13/71

# In the Supreme Court of South Africa.
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(Appèl Provincial Division.)
(Provinsiale Afdeling.)

# Appeal in Civil Case.
# Appèl in Siviele Saak.

1. WILLWM JACOBUS AVENANT; 2. WILLEM JACOBUS AVENANT *Appellant,*

*versus*

ERNESTUS JACOBUS VAN STADEN *Respondent*

*Appellant's Attorney / Prokureur vir Appellant* Naude & Naude *Respondent's Attorney / Prokureur vir Respondent* Webber & Son

*Appellant's Advocate / Advokaat vir Appellant* M. D. J. Steenkamp *Respondent's Advocate / Advokaat vir Respondent* J. H. Coetzee

*Set down for hearing on / Op die rol geplaas vir verhoor op* 31 - 8 - 1971

2. 5. 6. 8. 9

Coram: Rumpff, Potgieter, Jansen, Rabie et Muller AJJA

(N. K. A.) 9.45 v.m. — 11.00 v.m.
11.15 v.m. — 12.30 n.m.

C. A. V.

23.9.71 Rabie AR: Stawing met koste.

[signature]

[stamp: REGISTRAR, APPEAL COURT ... 2 ...]

| Writ issued / Lasbrief uitgereik | Bills Taxed.—Kosterekenings Getakseer. | | |
|---|---|---|---|
| | Date. Datum. | Amount. Bedrag. | Initials. Paraaf. |
| Date and initials / Datum en paraaf | | | |

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen:

WILLEM JACOBUS AVENANT ............... Eerste Appellant

EN

WILLEM JACOBUS AVENANT ............... Tweede Appellant

EN

ERNESTUS JACOBUS VAN STADEN .......... Respondent

Coram: Rumpff, Potgieter, Jansen, Rabie et Muller, A.RR.

Verhoordatum: Leweringsdatum:

31 Augustus 1971. 23 September 1971.

---

U I T S P R A A K

RABIE, A.R.:

Die appellante, ŉ vader en sy minderjarige seun, na wie ek hieronder, wanneer gerieflik, as Avenant Snr. en Avenant Jnr. sal verwys, was die verweerders in ŉ geding in die Noord-Kaapse Afdeling waarin die respondent vergoeding ten bedrae van R2864-00 geëis het weens skade wat hy gely het toe sy motorkar, wat hy self bestuur het, beskadig is in ŉ

2/... botsing

botsing met 'n vragmotor wat aan Avenant Snr. behoort en wat ten tyde van die botsing deur Avenant Jnr. in die uitvoering van sekere opdragte van sy vader bestuur is. Die partye het voor die verhoor met mekaar ooreengekom dat die respondent se skade R2600-00 beloop en die hof moes dus alleen oor die kwessie van aanspreeklikheid beslis. De Vos Hugo, R.P., het bevind dat „albei die bestuurders ewe nalatig was en dat elkeen 50 persent van die skade moet dra" en het gevolglik vonnis vir R1300-00 met koste ten gunste van die respondent gegee. Die appellante kom nou in hoër beroep teen hierdie bevel en daar word betoog dat Avenant Jnr. glad nie nalatig was nie; of, in die alternatief, dat indien hy nalatig was, sy nalatigheid nie 'n oorsaak van die botsing was nie; of, as verdere alternatief, dat indien hy nalatig was en sy nalatigheid wel 'n oorsaak van die botsing was, die graad van sy nalatigheid op aansienlik minder as 50 persent gestel moet word.

Die uitspraak van die hof _a quo_ verskyn in die Suid-Afrikaanse Hofverslae: kyk _Van Staden v. Avenant en_

<u>n ander</u>, 1971 (2) S.A. 456. Die verslag is egter nie volledig nie, en ek vind dit nodig om n vollediger uiteensetting van die getuienis te gee as wat daarin opgeneem is.

Die botsing waarom dit hier gaan, het op 9 Julie 1968 op die pad - n grondpad - tussen Noenieput en Rietfontein in die distrik Gordonia plaasgevind. Die respondent het met sy so te sê nuwe Chevelle-sedanmotor in die rigting van Rietfontein gery. Sy 10-jarige seun was by hom. Avenant Jnr., wat van Keetmanshoop af gekom het, het n 5-ton vragmotor in die teenoorgestelde rigting bestuur. Agter op die bak van die vragmotor was n houtstruktuur met vier afskortings, in elk waarvan n resiesperd gestaan het, en elke perd het sy eie oppasser gehad. n Kleurling, Gert Olivier, wat n getuie in die saak was, het die perd in die eerste afskorting opgepas en het net agter die bestuurderskajuit gestaan. Die vragmotor was ongeveer 8 voet breed en die sykante van die bak was gelyk met die agterwiele, d.w.s., dit het nie daaroor verbygesteek nie.

Die botsing het plaasgevind waar die gemelde pad met ɱ draai oor ɱ rantjie gaan. Vir die respondent het die pad na links gedraai, en vir Avenant Jnr. na regs. Die botsing het nie heeltemal op die kruin van die rantjie plaasgevind nie, maar ietwat meer teen die afdraand af na Noenieput se kant toe. Die draai en die hoogte is sodanig dat verkeer in albei rigtings maar eers op ɱ laat tydstip vir mekaar sigbaar word: by die verhoor is daar gepraat van ɱ „blinde draai" en ɱ „blinde hoogte". Die respondent, wat in die botsing beseer is, het ɱ Mnr. Minnaar, wat daar naby boer, laat roep om hom en sy seun te kom haal en Minnaar het ɱ tydjie daarna gekom. Om ongeveer 2.20 nm., sowat twee uur ná die botsing, het Sers. G.A.J. van Zyl, ɱ lid van die Suid-Afrikaanse Polisie, en destyds van Noenieput, daar aangekom. Ten tyde van die verhoor was hy op Welkom gestasioneer. ɱ Rukkie ná hom het Avenant Snr. ook by die toneel opgedaag.

Met die aanvang van die verhoor in die hof _a quo_ het Mnr. _Coetzee_, wat namens die respondent verskyn

het, die Hof meegedeel dat, vanweë die respondent se eie nalatigheid, wat hy (Mnr. Coetzee) toegegee het, hy nie op meer as 50 persent van die ooreengekome bedrag van die skade, nl., R2600, kon aanspraak maak nie. Ten einde te bewys dat die respondent wel op sodanige persentasie van die gemelde bedrag geregtig was, is Sers. van Zyl as getuie geroep, en die respondent het self ook getuig.

Van Zyl se hoofgetuienis kan, vir sover dit hier van belang is, soos volg saamgevat word:

Hy het beweer dat hy destyds van 50 tot 70 motorongelukke per jaar ondersoek het en dat hy gevolglik baie ondervinding van ongeluksake gehad het. By die toneel van die botsing het hy waarnemings gedoen en aantekeninge in ŉ sakboekie gemaak. Die dag daarna het hy sy aantekeninge gebruik om ŉ plan, sowel as ŉ sleutel daartoe, op te stel. Hy het geen maatband by hom gehad nie en het gevolglik alle afstande wat hy van belang geag het so noukeurig as wat hy kon, afgetree. Hy kon die kante van die pad duidelik bepaal aangesien daar met die skraap van die pad ŉ walletjie aan

6/... weerskante

weerskante gesleep is. Die pad was 8 treë wyd. Toe hy op die toneel kom, het hy die vragmotor heeltemal aan sy linkerkant van die pad gevind, 'n entjie langs die afdraand af, verby die Chevelle, terwyl die Chevelle skuins oor 'n gedeelte van die pad gestaan het. Nie een van die twee bestuurders kon aan hom „'n punt van botsing uitwys nie" en hy het derhalwe voortgegaan om die punt van botsing so noukeurig as wat hy kon, te probeer bepaal. Hy het die punt waarop hy besluit het as X op sy plan aangedui, en in verband daarmee sê hy: „...... punt X was die punt van botsing soos ek hom naastenby gevat het - vasgestel het". Hierdie punt, wat volgens die plan in die middel van die pad was, het hy bepaal na aanleiding van, eerstens, „skuifmerke" wat die Chevelle se bande op die grond gelaat het toe dit deur die vragmotor getref is en, tweedens, glasstukke wat „blykbaar" van die Chevelle se „ligte" afkomstig was en wat daar „rondgelê" het. Die plan toon dat die Chevelle se regtervoorwiel vir twee treë vanaf punt X teruggeskuif is tot by 'n punt wat as G aangedui word, en dat G 'n halwe tree regs van die middel van

7/... die

die pad lê soos die Chevelle gery het, d.w.s., 'n halwe tree aan sy verkeerde kant van die pad. Die regteragterwiel van die Chevelle is vir 'n tree skuins na links teruggeskuif - van punt I tot punt J soos op die plan aangedui - en die punt waarop die skuifbeweging by die regteragterwiel begin het (d.w.s., punt I), is 3½ tree van die regterkant van die pad soos die Chevelle gery het, d.w.s., 'n halwe tree aan die Chevelle se verkeerde kant van die pad. Punt I is 4 treë vanaf punt X. In die middel van die pad, 8 treë vanaf punt X in die rigting vanwaar die vragmotor gekom het, toon die plan 'n punt Y. Op hierdie punt is die spoor van die vragmotor se regteragterwiel waargeneem, en, sê die getuie, „My plan toon die spore vanaf punt Y na punt X effens na links". Terselfdertyd word aangedui dat X en Y albei in die middel van die pad is, wat nie strook met die plan waar dit, volgens die getuie, toon dat die spore vanaf Y „effens na links" beweeg het nie. Toe die getuie hieromtrent gevra is, was sy antwoord: „Volgens die plan moes hy reguit beweeg het".

Die hoofgetuienis van Van Zyl met betrekking

tot punte X en Y, wat ek so pas opgesom het, het in die hof a quo, en ook voor ons, die fondament van die respondent se saak gevorm. In geeneen van die howe is daar enigsins op die getuienis van die respondent self gesteun nie. Mnr. Coetzee se betoog is, om dit kort te stel, dat punte X en Y, soos op die plan aangedui - d.w.s., albei in die middel van die pad - aantoon dat die vragmotor onmiddellik vóór en ook ten tyde van die botsing met sy regteragterwiel in die middel van die pad gery het, en dat Avenant Jnr. derhalwe net so nalatig as die respondent was. Hierdie betoog hou in dat die aanduiding op Van Zyl se plan dat die spore van die vragmotor van punt Y na punt X effens na links beweeg, nie korrek kan wees nie en, verder, dat sekere getuienis wat Van Zyl in kruisverhoor gegee het, waarna ek direk hierna verwys, ook nie aanvaar kan word nie.

In kruisverhoor het Van Zyl in verband met punt Y en die spore van die vragmotor wat daarvandaan af loop, toegegee dat Avenant Jnr. naby die rand van die pad moes gery het. Die vraag is aan die getuie gestel: „So, in werklikheid

sal u dan sê dat by die punt van botsing kon hy, volgens die spore, nie meer na links gegaan het nie?", en sy antwoord was „Ja". Net links van die pad soos Avenant Jnr. gery het, kan hier gesê word, is daar ŉ „afgrond", soos sommige van die getuies dit beskrywe het. Van Zyl het ook toegegee dat sy plan moontlik verkeerd was deurdat dit die spore tussen Y en X te reguit voorstel, d.w.s., deurdat dit nie ŉ skerper beweging na links aandui nie. Hy is die vraag gevra: „Kyk, u sê hy het probeer om die ongeluk te vermy, met ander woorde hy moes na links gegaan het van punt Y af?", en sy antwoord was „Ja". Wat die Chevelle betref, het die getuie gesê dat dit, volgens die spore, te wyd om die draai gegaan het, dat dit in geen stadium na links gedraai het nie, en dat dit heeltemal van die pad sou afgery het as dit reguit aangehou het. Ten tyde van die botsing, het hy gesê, was die Chevelle se regterspore ongeveer ŉ voet en ŉ half aan sy verkeerde kant van die pad. Ek verwys na die volgende vrae en antwoorde in die notule (voertuig A is die Chevelle):

„Nou het u net spore - twee spore gesien, u het nie agter ŉ voorwiel spoor gesien nie het u, u het twee spore van voertuig A opmekaar gesien? --- Dit is reg ek het slegs die twee spore gesien.

En soos hulle daar gelê het, sersant, was hierdie spore van voertuig A op sy verkeerde kant, sy regter spore, van die pad? --- Dit is reg.

Minstens ŉ voet en ŉ half wat hy oor gewees het na die verkeerde kant toe? --- Dit was ongeveer ŉ halwe aan sy verkeerde kant.

Ja, dit is min of meer ŉ voet en ŉ half? --- Dit is reg."

Ten slotte, in verband met punt X is die getuie gevra: „U kan nie sê dit is presies die punt van botsing nie?", en sy antwoord was „Nee".

Die respondent het in sy getuienis erken dat hy by die begin van die draai „ŉ bietjie oor die helfte van die pad was", maar hy het volgehou dat hy vóór die botsing ten volle op sy korrekte kant van die pad was en dat hy en Van Zyl saam vasgestel het dat op die oomblik van die

botsing sy linkerwiele slegs drie voet van die kant van die pad aan sy linkerkant was. Hierdie getuienis is klaarblyklik strydig met dié van Van Zyl en dit is deur die hof a quo, wat bevind het dat die respondent in baie opsigte nie n bevredigende getuie was nie, verwerp. Mnr. Coetzee het hom ook geensins op hierdie getuienis verlaat nie. Die respondent het ontken dat hy vóór die botsing na regs van die pad af weggekyk het, soos deur Avenant Jnr. beweer is, maar die hof a quo het bevind dat hy dit wel gedoen het, en hierdie bevinding is ook nie aangeval nie.

Ek wys voorts net op enkele verdere punte in die respondent se getuienis. Hy sê dat hy die vragmotor vir die eerste keer op n afstand van 10, of dalk 15 of 20 treë gesien het, en dat hy met die vragmotor se regteragterwiel gebots het omdat dit skuins oor die pad beweeg het. Volgens hom het die vragmotor na links „geswaai" nadat die bestuurder daarvan hom gewaar het. Die respondent sê dat hy self in geen stadium na links geswaai het nie. Sy getuienis was: „..... ek het net gehou soos ek gery het".

Ten slotte: dit blyk uit die getuienis van die respondent - en ook dié van Avenant Jnr. en Olivier - dat met die botsing die voorkant van die kap, of dak, van die Chevelle op een plek in aanraking met 'n gedeelte van die vragmotor se bak gekom het, maar die presiese oomblik wanneer dit gebeur het, en die uitwerking wat dit op die beweging van die Chevelle gehad het of kon gehad het, kan nie met enige sekerheid bepaal word nie. Die verhoorhof het geen bevinding hieroor gemaak nie, en aangesien nie een van die partye betoog het dat die getuienis oor hierdie aangeleentheid sy saak steun nie, laat ek dit ook daar.

Avenant Jnr. het getuig dat sy vragmotor vir ongeveer een-derde van die breedte daarvan aan sy verkeerde kant van die pad was toe hy die voet van die rantjie genader het, maar dat hy daarna geleidelik na links oorgegaan het en dat hy heeltemal aan sy korrekte kant was toe hy bo-op die bultjie gekom het. Sy snelheid was ongeveer 35 myl per uur. Hy het die Chevelle vir die eerste keer op 'n afstand van 30 of 40 tree gesien en aangesien hy opgemerk het dat

die respondent van die pad af wegkyk, het hy so ver moontlik na links gehou. Sy linkervoorwiel, sê hy, was „alreeds op die pad se wal", en aangesien dit sanderig was daar, het hy die stuurwiel met albei hande vasgehou „om te verhoed dat hy kan afgaan daar". Hy het verder getuig dat hy nie saamgestem het met die punt van botsing soos deur Van Zyl bepaal nie, maar dat hy niks daaroor gesê het nie omdat hy alles in sy vader se hande gelaat het. Volgens sy skatting, het hy gesê, was die beginpunt van die skuifmerk van die Chevelle se regtervoorwiel nie in die middel van die pad nie, maar sowat 'n voet en 'n half aan die vragmotor se kant van die pad.

Olivier, wat destyds bouwerk op die plaas van Avenant Snr. gedoen het maar wat ten tyde van die verhoor nie meer daar werksaam was nie, het, net soos Avenant Jnr., getuig dat die vragmotor aan die voet van die rantjie gedeeltelik aan sy verkeerde kant van die pad was, maar dat dit geleidelik na links beweeg het en dat dit aan sy korrekte kant was toe dit bo-op die bultjie gekom het. Op die oomblik van die botsing, sê hy, was die vragmotor se linkervoorwiel „so

te sê op die walletjie van die pad", hoewel dit miskien „nog ʼn bietjie meer links kon geswaai het om by die wal te kom ", terwyl die linkeragterwiel omtrent twee voet van die kant van die pad af was. Die Chevelle het, volgens die getuie, „nie die draai gevat soos die draai so is nie, hy het reguit na ons toe gekom". Die getuie het verder getuig dat hy vir Van Zyl gesê het dat hy nie saamstem met die punt van botsing wat hy vasgestel het nie, maar dat Van Zyl se antwoord was: „Wie doen die opmetings, ek of jy?". (Toe dit aan Van Zyl gestel is dat Olivier hierdie getuienis sou gee, was sy antwoord dat soiets moontlik kon gebeur het, maar dat hy dit nie kon onthou nie). Volgens Olivier was die beginpunt van die skuifmerk van die Chevelle se regtervoorwiel nie in die middel van die pad nie, maar „tussen ʼn voet of twee" oor die middel, en die punt van botsing twee of drie voet aan die vragmotor se kant van die pad. In antwoord op ʼn vraag oor die vragmotor se regteragterspoor, het hy gesê: „Die lorrie se spoor, soos ons nou die lorrie se spoor van agteraf gevolg het, daar reg skuins oor waar die skuifmerk begin het, sal ek sê hier is die wielspoor van

die lorrie, en hier begin die skuifmerk, kon jy iets gesien het wat gelyk het asof die lorrie se lyf effens geswik het".

Minnaar het getuig dat hy waarnemings op die toneel van die botsing gedoen het voordat Van Zyl daar aangekom het. Die volgende uittreksel uit die notule bevat die belangrikste van sy waarnemings in verband met die Chevelle:

> „Nou hoe het dit op die pad geloop? --- Met ander woorde dit is mnr. Van Staden se voertuig.
>
> Dit is Mnr. Van Staden se voertuig? --- Ek het ongeveer so 100 - 150 treë het ek weg van die ongelukstoneel gestap soos die motorvoertuig aangekom het en toe het ek gemerk dat Mnr. Van Staden se spore in die middel van die pad, wat sy voertuig in elk geval reg op die ongelukstoneel aangekom het, hy het in elk geval na geen kant toe het hy gewyk voor die punt van botsing, hy het nie links en ook nie na regs gewyk nie.
>
> Nou u praat nou in die middel van die pad, wat bedoel u daarmee? --- Dat ten minste

een derde van Mnr. Van Staden se voertuig was definitief oor die denkbeeldige middellyn van die pad gewees.

En u sê die spore het reguit geloop? --- Ja, hulle het reguit geloop.

Is tot by die punt van botsing, soos Mnr. Van Staden gekom het, enige draaie of nie? --- Daar is 'n geringe draai, baie geringe draai kort voor die punt van botsing, maar sy spore het altyd saam met die kontoer van die pad gekom.

By die punt van botsing, is daar 'n draai? --- Nee daar is nie 'n draai nie, die pad maak 'n draai bo op die heuweltjie.

Ja? --- Ja, daar was 'n draai gewees, die pad maak 'n draai bo op die heuwel, met die gevolg die punt van botsing was op 'n draai gewees.

Nou op daardie draai, hoe het Mnr. Van Staden se spore daar gelê, het dit die kontoer van die pad gevolg of reguit gegaan of hoe - na links of regs geswaai? --- By die punt van botsing?

Ja? --- Daar was sy spore reguit gewees? En as u nou die spore reguit gevolg het wat sou daar gebeur het? --- Dan sou hy reg anderkant van die pad afgeloop het, die motorkar."

In verband met die vragmotor het hy o.m. die volgende gesê:

> „Ek het ongeveer vir daardie honderd treë van die punt van botsing af het ek geloop tot daar toe en daar van daardie punt af - op daardie stadium was die vragmotor, volgens my, een derde oor die middellyn van die denkbeeldige middellyn van die pad gewees. Maar alhoemeer die lorrie die punt van botsing genader het het hy in elk geval geleidelik saam met die kontoer van die gekromde of gedraaide pad, het hy in elk geval na sy kant toe geneig, en hy was in elk geval in sy eie sone was hy gewees."

En ook die volgende:

> „Nou sal u nou vir my net sê net voor die botsing, sê tien treë of agt treë voor die botsing, soos hy nou daar gekom het, tot by die punt van botsing, hoe het daardie vragmotor se spore geloop? --- Die vragmotor se spore was, tien treë voor die botsing, was die vragmotor se spore op sy eie kant, heeltemal veilig op sy eie kant.
>
> Min of meer by die punt van botsing? --- By die punt van botsing was die vrag-

motor ook op sy eie kant gewees.

Hoe ver sou u sê was hy van die kant van die pad af, die vragmotor se spore? --- Die linkervoorwiel van die vragmotor was teenaan die kant van die pad gewees, teenaan die walletjie van die pad, die los sand wat daar lê, en die agterwiele het n verskil van twee voet was sy agterwiele van die kant van die pad af gewees.

Nou volgens u waarnemings nou daar, kon die bestuurder van voertuig A enigsins meer na links gery het op daardie plek, by die punt van botsing ....

SY EDELE: Bedoel u voertuig B?

MNR. STEENKAMP: Voertuig B jammer. Voertuig B die vragmotor, kon hy enigsins meer na links gery het? --- Nee, hy kon nie meer na links gery het nie."

Minnaar het verder getuig dat, alhoewel hy dit nie vir Van Zyl gesê het nie, hy nie saamgestem het met die punt van botsing wat hy bepaal het nie. Volgens Minnaar, wat toegegee het dat die beginpunt van die skuifmerk van die Chevelle se regtervoorwiel in die middel van die pad was,

moes die punt van botsing egter minstens twee voet meer na die vragmotor se kant van die pad gewees het. Toe hy gevra is op grond waarvan hy dit sê, was sy antwoord dat die voorste punt van die Chevelle ten minste twee voet voor die band moes uitgesteek het wat die skuifmerk op die pad gemaak het, en dat daardie voorste punt van die motor „vanselfsprekend eerste die rubberbande van Mnr. Avenant se vragmotor getref het". Hy het ook gesê, in antwoord op vrae of hy die vragmotor se regteragterspoor gesien het en of hy gesien het waar dit was in verhouding tot die beginpunt van die gemelde skuifmerk wat die Chevelle op die pad gelaat het, dat hy na die spoor gekyk het en dat dit volgens sy skatting „n voet en n half vanaf die begin van daardie sleepmerk aan die lorrie se kant" van die pad was.

Avenant Snr. het getuig dat hy waarnemings op die toneel van die botsing gedoen het. Volgens hom het die vragmotor se spore getoon dat dit „alreeds aan sy kant" van die pad was toe dit bo-op die bultjie gekom het en dat die linkeragterwiel toe twee voet van die linkerkant van die

pad af was. Op die punt van die botsing was die vragmotor „dood op sy kant", terwyl die Chevelle ŉ voet en ŉ half oor die middel van die pad was. Hy sê dat ŉ gedeelte van die sleepmerk „doodgetrap" was en dat die beginpunt van die skuifmerk soos deur Van Zyl bepaal (d.w.s., by X) nie die werklike beginpunt daarvan was nie. Van Zyl het erken dat Avenant Snr. met hom oor sekere van sy punte gestry het, maar het gesê dat hy nie onthou welke punte dit was nie.

In die uitspraak van die hof a quo word, ná ŉ uiteensetting en behandeling van die getuienis, die volgende gesê:

> „Die gevolgtrekking waartoe ek op die getuienis as geheel gekom het is dat die punt van botsing in die middel van die pad was soos Van Zyl dit na die beste van sy vermoë en met die beste meetmiddels tot sy beskikking vasgestel het. Dit reeds sluit algehele skuld aan die kant van elkeen van die partye uit. Daar was dus bydraende nalatigheid aan die kant van die tweede Verweerder en al vraag wat werklik oorbly is of

dit op 50% gestel moet word. In sy volle betekenis is die vraag of 50-50% 'n regverdige verdeling van die nalatigheid van die twee bestuurders is."

By ontleding van die uitspraak blyk dit dat die volgende oorwegings by die hof gegeld het toe dit tot hierdie gevolgtrekking gekom het (die aanhalings kom uit die uitspraak):

(a) Van Zyl, wat vir die respondent getuig het, het opmetings gedoen. Daarteenoor bevind die appellante en hulle getuies hulle in die „moeilikheid" dat „nie een van hulle opmetings gedoen het nie en dat hulle op hulle geheues staatmaak en op grond daarvan die afmetings wat Van Zyl gemaak het probeer betwis. Die botsing het meer as twee jaar gelede plaasgevind sodat daar ook met 'n mate van erosie van geheue rekening gehou moet word".

(b) „Van Zyl sê dat die beginpunt van die skuifmerk X - G die waarskynlikste punt van botsing is", en X is volgens Van Zyl presies in die middel van die pad.

fens na links gegaan het".

(f) „As X die ware punt van botsing is dan beteken dit dat van punt Y af, die vragmotor meer na sy kant van die pad toe beweeg het en dat van punt I af die motor meer na sy kant van die pad toe beweeg het. Hierdie wegbeweeg van mekaar af was egter nie voldoende om die botsing te vermy nie".

Die eerste gedeelte van die eerste sin in (f) is nie in ooreenstemming met wat elders in die uitspraak gesê word nie. Die verhoorregter het Van Zyl se getuienis dat X en Y albei in die middel van die pad is, aanvaar, en derhalwe kon hy nie bedoel het om te sê dat die vragmotor van Y af „meer na sy kant van die pad toe beweeg het" nie. Die kern van die hof se bevinding is immers dat die regteragterwiel van die vragmotor en die regtervoorwiel van die Chevelle met mekaar by punt X, reg in die middel van die pad, in aanraking gekom het.

In verband met punt X - kyk oorweging (b)

hierbo - wys ek volledigheidshalwe daarop dat Van Zyl nie beweer het dat X die presiese punt van botsing was nie. In sy hoofgetuienis het hy gesê dat X die punt van botsing was soos hy dit „naastenby" vasgestel het, en in kruisverhoor het hy gesê dat hy nie kon sê dat X „presies die punt van botsing" was nie.

Oorweging (d) is in ooreenstemming met Van Zyl se getuienis dat by punt I, 4 treë van punt X af, die Chevelle se spoor 1½ voet aan sy verkeerde kant van die pad was. Die stelling in oorweging (f) dat die Chevelle vanaf punt I „meer na sy kant van die pad toe beweeg het", is egter slegs 'n afleiding wat die hof gemaak het: van die feit dat die spoor by punt I 1½ voet oor die denkbeeldige middellyn was en die skuifmerk se beginpunt (X) op daardie middellyn, word die afleiding gemaak dat die bestuurder van die Chevelle sy voertuig na links laat beweeg het. Wanneer die hof hierdie afleiding maak, moet hy veronderstel (i) dat die begin van die skuifmerk ontstaan het op die oomblik toe die Chevelle en die vragmotor met mekaar in aanraking gekom

25/... het,

het, en (ii) dat die aanrakingspunt op die spoor was wat die Chevelle op die oomblik van die botsing gevolg het. Dit is ŉ vraag of hierdie veronderstelling, en dus ook die afleiding, as geldig beskou kan word. Ek self sou, in die afwesigheid van behoorlike bewyse, nie bereid wees om dit te aanvaar nie. Die getuie Minnaar het die aandag daarop gevestig dat die verste punt vorentoe van die Chevelle, d.w.s., sy stamper, ongeveer 2 voet voor die regtervoorwiel verbygesteek het, en het gesê dat volgens sy waarnemings die punte van die voertuie wat die eerste met mekaar in aanraking gekom het die vragmotor se regteragterwiel en die Chevelle se stamper was, en nie laasgenoemde voertuig se regtervoorwiel nie. Dit sou dan daarop neerkom dat die aanrakingspunt tussen die twee voertuie op ŉ punt omtrent 2 voet voor die Chevelle se regtervoorwiel moes gewees het. (Hieruit sou dit natuurlik nie volg dat die aanrakingspunt noodwendig 2 voet aan die Chevelle se verkeerde kant van die pad moes gewees het nie, want die afstand wat dit inderdaad aan die verkeerde kant was, sou afgehang het van die hoek waarmee die Chevelle se regtervoorwiel oor

die middellyn gegaan het). Die hof a quo verwys in sy uitspraak na die gemelde getuienis van Minnaar as ꞌn „teorie" en behandel dit nie verder nie, maar uit die gevolgtrekking waartoe die hof aan die einde van sy oorweging van die getuienis gekom het, volg dit dat die „teorie" verwerp is.

Na my mening het die gemelde getuienis van Minnaar ernstige oorweging verdien, veral ook in die lig van verdere getuienis van Minnaar, asook sekere getuienis van Van Zyl. Minnaar het nl. gesê dat die spore van die Chevelle voor die punt van botsing reguit geloop het en nie na links of regs gewyk het nie, en dat as die motor die spore „reguit gevolg het", dit van die pad af sou gegaan het. Minnaar het verder getuig dat hy gekyk het waar die spoor van die Chevelle met betrekking [redacted] tot die beginpunt van die skuifmerk (d.w.s., by X) was, en dat die spoor ongeveer 1½ voet van daardie punt af was. Van Zyl het getuig dat die Chevelle in geen stadium na links gedraai het nie en sy plan toon ook nie ꞌn beweging van die spore na links nie. Die spore, soos deur hom geteken, loop in een rigting. Wat wel na links loop, is die skuifmerk

27/... tussen

tussen punte I en J en tussen G en X. Van Zyl het ook gesê, in ŉ passasie wat ek vroeër in hierdie uitspraak aangehaal het, dat die enigste regterspore van die Chevelle wat hy gesien het ongeveer ŉ halwe tree aan dié voertuig se verkeerde kant van die pad was en, verder, dat as dit aangehou ry het op die spore wat daar sigbaar was, dit van die pad sou afgegaan het. Volgens hierdie getuienis van Minnaar en Van Zyl het die Chevelle dus nie na links gery vanaf punt I nie, en die hof a quo het m.i. fouteer deur in stryd met hierdie getuienis, en bloot van die skuifmerk, die afleiding te maak dat die Chevelle wel na links gery het vanaf punt I. In die getuienis van Avenant Snr. en Olivier is daar ook steun te vind vir die getuienis van Minnaar en Van Zyl, maar dit is nie nodig om na die besonderhede daarvan te verwys nie en ek vind dit ook nie nodig om my daarop te verlaat vir my mening dat die hof a quo se afleiding foutief was nie.

Voorts verwys ek na getuienis oor die vragmotor wat dit nie alleen onseker maak of die botsing reg

in die middel van die pad kon plaasgevind het nie, maar wat daardie getuienis skyn te bevestig wat ek hierbo behandel het en wat daarop dui dat die botsing aan die vragmotor se kant van die pad plaasgevind het. Volgens Van Zyl se afmetings, wat deur die hof aanvaar is, was sowel punt Y as punt X in die middel van die pad. As dit korrek is, volg dit dat Avenant Jnr. reguit gery het vir die laaste 8 treë voor die botsing en nie na links beweeg het om die botsing te probeer vermy nie. Op die plan, soos reeds gesê is, is die vragmotor se spore egter so geteken dat dit effens na links loop, en in kruisverhoor het Van Zyl getuienis gegee wat nie strook met die gedagte dat die botsing presies in die middel van die pad plaasgevind het nie. Soos reeds hierbo in my opsomming van Van Zyl se getuienis aangetoon is, het hy o.m. gesê dat sy plan moontlik verkeerd kan wees deurdat dit die spore tussen punte Y en X te reguit voorstel; dat hy die indruk gekry het dat Avenant Jnr. die botsing probeer vermy het deur links te hou van punt Y af; en dat, volgens die spore beoordeel, die vragmotor by die punt van

botsing nie verder na links kon gegaan het nie.

Hierdie getuienis van Van Zyl skep natuurlik probleme vir die respondent se saak, en Mnr. Coetzee het betoog dat aangesien Van Zyl se getuienis dat die vragmotor vanaf punt Y moontlik verder na links beweeg het nie met sy „eie waarnemings en opmetings" strook nie, dit nie in ag geneem moet word nie. Hy het in hierdie verband ook die submissie gemaak dat Van Zyl, wat sedert die ongeluk met die Avenants bevriend geraak het, skynbaar maar alte bereid was om toegewings te maak wat hulle saak bevoordeel. Die aangeleentheid is egter nie so eenvoudig nie. Van Zyl het, soos tevore gesê is, reeds toe hy sy plan opgestel het die vragmotor se spoor vanaf punt Y so geteken dat dit effens na links loop tot by punt X, sodat dit nie gesê kan word dat sy getuienis dat hy die indruk gekry het dat die vragmotor van punt Y af na links beweeg het iets nuuts was wat hy later eers besluit het om te sê nie. Verder, Van Zyl is deur die respondent as getuie geroep en daar is geen gegronde rede om te bevind dat hy valse getuienis afgelê het nie. Dan is daar

ook nog die getuienis van Avenant Jnr., Olivier, Avenant Snr. en Minnaar oor hoe die vragmotor gery het. Die hof *a quo* het Avenant Snr. as partydig vir sy seun beskou, en al sou 'n mens verder gaan en ook die getuienis van Avenant Jnr., wat 'n belanghebbende party was, en van Olivier, wat 'n eertydse werknemer en derhalwe miskien 'n goedgesinde getuie was, buite rekening laat, dan bly daar nog die getuienis van Minnaar oor. Minnaar was skynbaar bevriend met die Avenants ten tyde van die ongeluk, maar hy en die respondent het mekaar ook geken en ná die ongeluk het die respondent die vrymoedigheid gehad om hom te ontbied om hom huis toe te neem. Daar is namens die respondent betoog dat dit duidelik is dat die appellante en hulle getuies „saamgepraat" het, maar m.i. is daar geen grond vir die suggestie dat Minnaar meineed gepleeg het nie (Ek praat alleen van Minnaar omdat slegs sy getuienis nou hier ter sprake is. Ek bedoel geensins dat daar grond vir die advokaat se betoog in die geval van die ander getuienis is nie). Die hof *a quo*, kan ook bygevoeg word, het geen bevinding oor Minnaar se geloofwaardigheid gemaak nie.

Volgens Minnaar, soos sal blyk uit sy getuienis waarna ek reeds verwys het, was die vragmotor aan sy korrekte kant van die pad en kon hy nie verder na links gery het as wat hy gedoen het nie. Ten slotte kan hier nog op die volgende gewys word: die respondent het getuig dat hy gesien het dat die vragmotor na links „swaai" toe die bestuurder hom gewaar, en as 'n mens aanvaar dat hierdie getuienis waar is, asook die getuienis dat hy die vragmotor vir die eerste maal op 'n afstand van 10, of miskien 15 of 20 treë gesien het, dan wil dit voorkom dat Avenant Jnr. tot in 'n laat stadium die botsing probeer vermy het deur na links te beweeg.

Soos sal blyk uit wat hierbo gesê is, is ek van mening dat die hof _a quo_ fouteer het in sy bevinding dat die punt van botsing reg in die middel van die pad was, en vanweë dié fout is hierdie hof geregtig, en verplig, om die bevinding te veronagsaam (kyk bv. _Rex v. Dhlumayo_ 1948(2) S.A. 677 (A.) op bl. 703, 705 - 706). Dit is natuurlik nie moontlik om die punt van botsing presies te bepaal nie, maar op al die getuienis kom dit vir my voor dat dit nie minder

as 1½ voet nie, en waarskynlik omtrent 2 voet, aan die vragmotor se kant van die pad was.

Verdere vrae wat nou ontstaan is of bevind kan word dat die wyse waarop die vragmotor bestuur is ŉ oorsaak van die botsing was en of daar nalatigheid aan die kant van Avenant Jnr. was. Mnr. Coetzee het betoog dat, omdat die vragmotor so groot, swaar en breed was, Avenant Jnr. minstens 3 voet weg van die middellyn moes gery het, dat hy dit nie gedoen het nie, en dat sy versuim om dit te doen nalatigheid was wat tot die botsing bygedra het. Wat die vraag van oorsaaklikheid betref, is daar getuienis dat die respondent van die pad af weggekyk het, dat hy nie na links gery het nie, en dat as hy voortgegaan het in die rigting van die spore wat nå die ongeluk op die pad sigbaar was, hy van die pad sou afgery het. In hierdie omstandighede wil dit my voorkom dat die botsing in ieder geval sou plaasgevind het, hoe ver links die vragmotor nou ook al gery het, en dat ŉ versuim om 3 voet van die denkbeeldige middellyn af te ry derhalwe nie as ŉ oorsaak van die botsing aange-

merk kan word nie. Wat die kwessie van nalatigheid betref, is ek van oordeel dat dit nie nalatig van Avenant Jnr. was om 1½ of 2 voet aan sy korrekte kant van die pad te ry nie. Ek het reeds hierbo gesê dat die sykante van die vragmotor nie oor die bande verbygesteek het nie, met die gevolg dat daar 'n oop ruimte van 1½ of 2 voet tussen die vragmotor en die denkbeeldige middellyn van die pad was. As dit in gedagte gehou word, en as ag geslaan word op die wydte van daardie gedeelte van die pad wat vir hom beskikbaar was (12 voet), die „afgrond" links van die pad, die breedte van die vragmotor (omtrent 8 voet) en die snelheid waarteen hy gery het (omtrent 35 myl per uur), dan kan dit na my mening nie gesê word dat hy nalatig was nie. Die omstandighede van die botsing was na my mening derhalwe nie soos die geleerde verhoorregter dit beoordeel het nie, en dit is gevolglik nie nodig om enigsins in te gaan op sy bespreking van regsbeginsels wat, volgens die uitspraak, sou geld in omstandighede soos deur hom bevind nie (kyk Van Staden v. Avenant en 'n ander, supra, van bl. 458 D tot aan die einde).

Mnr. Coetzee het hom beroep op die saak van

Swart v. Fourie (nie gerapporteer nie) wat op 26 November 1970 in hierdie hof beslis is. In daardie saak het dit gegaan om ŉ botsing wat in die nag op die hoofpad tussen Krugersdorp en Randfontein tussen twee motorvoertuie, nl. ŉ meubelvervoerwa en ŉ passasiersmotor, plaasgevind het. Hierdie hof het bevind dat die punt van botsing aan die eiser (die bestuurder van die motorkar) se korrekte kant van die pad plaasgevind het, maar dat die omstandighede nogtans van so ŉ aard was dat die eiser vir die helfte van sy skade verantwoordelik gehou moes word. Die getuienis het getoon dat daar heelwat ruimte na links was waarnatoe die eiser kon padgegee het, maar dat hy dit nie gedoen het nie, en in die uitspraak word gesê dat hy „feitlik teenaan die middellyn van die pad gery het" en daarby ook nog versuim het om sy ligte te verdof. Die feite van daardie saak was dus heel anders as in die huidige geval en die uitspraak bied nie steun vir die advokaat se betoog nie.

Op grond van die voorgaande word soos volg beveel:

(a) Die appèl slaag met koste.

(b) Die bevel van die hof a quo word ter syde gestel en vervang deur die volgende bevel: "Die eiser se eis word afgewys met koste."

P. J. Rabie

P.J. RABIE

APPèLREGTER.

| | | |
|---|---|---|
| Rumpff, | A.R. | STEM SAAM. |
| Potgieter, | A.R. | |
| Jansen, | A.R. | |
| Muller, | A.R. | |